



## NGB Artikel 25

### DIE SEREMONIËLE WET IN CHRISTUS VERVUL

**Ons glo dat die seremonies en heenwysings van die Wet met die koms van Christus opgehou het en dat alle voorafskaduwing tot 'n einde gekom het. Die gebruik daarvan moet derhalwe onder die Christene afgeskaf word. Die waarheid en inhoud daarvan bly nogtans vir ons in Christus Jesus bestaan: in Hom het hierdie seremonies en heenwysings juis hulle vervulling. Ons gaan ook nog voort om die getuienisse van die Wet en die profete te gebruik om ons in die Evangelie te bevestig en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens Sy wil in te rig.**

Na die gesprek oor geloof, regverdiging en heiliging, verskuif die aandag van die NGB na die wet van God. Teen die agtergrond van ons as begenadigde sondaars, is die logiese vraag na die rol en plek (indien enige) van die Wet. Wat is die verhouding tussen wet en Evangelie? Zacharias Ursinus (1534-83) stel in sy uitgebreide kategismus dat die Wet 'n natuurverbond is (natuurlike teken wat absolute gehoorsaamheid eis) wat by die skepping in plek geplaas is deur God. Die Wet belooft ewige lewe aan die gehoorsames en ewige verdoemenis aan almal wat ongehoorsaam is. Aan die ander kant is die Evangelie 'n genadeverbond wat ons verbind aan die absolute gehoorsaamheid van Christus.

In Christus word ons as gehoorsames gereken.

Met eerste oogopslag stem Evangelie en wet ooreen omdat beide gerig is op die ewige lewe. Tog onderskei Ursinus op vier vlakke tussen Wet en Evangelie.

1. Kragtens openbaring verskil Wet en Evangelie, Die Wet word van nature (skeppingsorde) geken, die Evangelie is na die sondeval deur God openbaar. Die Wet was in die skepping ingebed. Adam het volgens hierdie Wet gelewe en sou vir ewig lewe op grond van gehoorsaamheid aan die Wet. Met die sondeval het God die Evangelie van genade aangekondig; die nuwe pad na die ewigheid.
2. Op leerstellige vlak verskil Evangelie en Wet. Die Wet verkondig God se geregtigheid as 'n losstaande entiteit, terwyl die Evangelie God se geregtigheid **in verbintenisse** met Sy genade verkondig. Daarmee saam verkondig die Evangelie dat ons aan God se Wet voldoen **deur geloof in Christus**.
3. Wet en Evangelie verskil kragtens beloftes. Die Wet verkondig ewige lewe onder voorwaarde van absolute gehoorsaamheid en gevolglike eiegeregtigheid. Die Evangelie verkondig dieselfde resultaat onder voorwaarde van ons geloof in Christus. Hierdie geloof bring 'n nuwe gehoorsaamheid tot stand.
4. Die gevolge van Wet en Evangelie verskil. Die Wet bring toorn en straf na aanleiding van ongehoorsaamheid,

die Evangelie bring lewe en die Gees, ten spyte daarvan dat ons sonder verdienste is.

Dit is met ander woorde duidelik dat daar opspraakwekkende verskille tussen Wet en Evangelie is. Die logiese vraag is dan na die voortgesette gehoorsaamheid aan die Wet gesien die feit dat ons in Christus glo. Op die keper beskou, is die vraag na die verskil tussen die wet van Moses en die Evangeliese Wet van Christus. Dit staan buite alle twyfel dat daar steeds 'n Wet is wat vir ons geld, al is dit vanuit 'n totale ander perspektief. Is dit dieselfde wet?

Wat is die aard van die verskille tussen wet en Evangelie dat ons nie meer Pasga vier nie, nie meer priesters het en nie meer offer nie, nie meer die rituele van die wet gehoorsaam nie? Wat is die aard van die ooreenkomste tussen wet en Evangelie dat ons steeds in dankbaarheid vir genade die Tien Gebooie as bindend op gewete en lewe ag? Ons hou nie meer by die seremonies nie, maar gehoorsaam die gebooie. Hierdie onderskeid is vir ons belangrik om ons benadering tot Moses en Jesus uit te pluus.

Die antwoorde op hierdie en ander soortgelyke vrae, gaan 'n impak hê op ons verstaan van 'n Christen-lewe en die aard van die goeie werke wat ons doen omdat ons reeds geregverdig is deur geloof in Christus.

Jesus se koms is die spilpunt van die heilsgeskiedenis, Met Sy koms het daar drastiese veranderings ingetree ten opsigte van die manier waarop ons as Godsvolk verskeie sake benader, in

besonder die Wet. As Protestante is ons antwoord baie anders as die Roomse benadering wat in die seremonies en handeling van priesters steeds baie sin vind. Die Evangelie oortuig ons dat Jesus aan die eise van die seremoniële wet voldoen het, dat ons almal gelyk is voor God, dat ons almal vrye toegang het tot God, dat ons almal in 'n sekere sin priesters is wat tot God mag nader as ons eie tussengangers. God verhoor elkeen se gebede, nie net die van die "groot Christene" en "ultra-heiliges" onder ons nie.

Waarom dan die Wet gehoorsaam? Indien ons sonde ons nie toegereken word nie, indien Jesus se geregtigheid ons toegereken word, waarom die Wet enigsins ag? Paulus antwoord reeds in Romeine daardie oeroue vraag. Romeine 6:1-2 "*Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?*" In Openbaring 2 en 3 sien ons dat ook die Nikolaiëte en Isebel hierdie ketterse siening toegedaan was dat die Christen van wetsgehoorsaamheid afgesny is. Dit veronderstel ook verkeerdelik dat daar vlakke of grade van genade is. Genade is 'n saak van alles of niks. Indien genade die werke van die sonde oorwin het, kan werke nie toevoeg of wegneem van genade nie.

Hoe moet die saak verstaan word? Die eerste deel van die antwoord is om die tradisionele benadering te handhaaf deur te onderskei tussen twee aspekte van die wet. Daar is die breër en die enger (strenger) verstaan en toepassing van die wet. Die een het te make met 'n

tussentydse reëling en die ander is die skeppingsgebonde Wet.

Ons onderskei in die Reformatoriese tradisie tussen die genade-verbond en die wetsverbond. Beide was reeds geldig tydens die verbondsluiting by Sinai. Die genade-verbond is die tussentydse reëling wat getref word om versoening te bewerkstellig.

Die wetsverbond fokus op die wet van werke wat reeds vir Adam gegeld het. In volgorde gestel: Die Wet (gehoorsaamheid bring seën en ewige lewe, ongehoorsaamheid bring vloek en dood) was reeds by die skepping in plek. Met die sondeval het die mens homself onder die vloek gestel. God het met die Moederbelofte genade aangekondig en die vooruitsig van versoening verklaar. God het met ander woorde nie die eerste Wet opgehef nie, net die vooruitsig van gehoorsaamheid aangekondig.

Tot op die datum van geregtigheid moes die tussentydse bestaan versoening verkondig en bemiddel. Die Mosaïese wette is 'n totale reglement wat alle aspekte van menswees reguleer met die oog op versoening met God. Die seremoniële wet het gegeld as tussentydse reëling om God se volk te herinner aan hulle sonde en om deur seremonies tydelike versoening te bewerkstellig. Hierdie "wet" is die somtotaal van wette, reglemente, regulasies en seremonies wat deur God ingestel is tydens die sluiting van die verbond van God met Israel by Sinai.

Anders gestel: Die "wet van God" moet op twee vlakke verstaan word. In die engste sin van die term is dit die reëls van die

koninkryk wat burgerskap verseker. Die Dekaloog (Tien Gebooue) verwoord hierdie Wet van die werke waarbinne Adam in die tuin gelewe het. Met die sondeval is dit nie vir die mens moontlik om aan hierdie Wet gehoorsaam te wees nie. Die versoening wat deur God belowe is (Moederbelofte) het in Christus werklikheid geword.

In die tussentyd het God by die verbondsluiting te Sinai 'n versoeningswet ingestel. Dit sluit onder andere in: voorskrifte oor seremonies, drag, gedrag en klere. Die somtotaal van wette wat Moses aan die volk oorgedra het, het ten doel gehad dat die volk met God kon versoen. Die gebrekkige en tydelike aard van die seremoniële wet moet altyd voor oë gehou word. Die seremoniële wet wys heen na die finale versoening wat bewerkstellig sou word deur die Messias. Die wet in die breër sin van die woord het tydelike versoening en vooruitskouing van finale geregtigheid as doel. Die Wet in die enger sin van die woord het gehoorsaamheid as doel. Eersgenoemde bewerk deur administrasie en handeling wel tydelike versoening. Laasgenoemde vereis gehoorsaamheid en impliseer beloning of vervloeking.

Die seremoniële wet is ingestel weens die mens se onvermoë om aan die werke van die Wet te voldoen. Al die seremoniële wette het ten doel om versoening te werkstellig en wys heen op die Een wat versoening kan bewerkstellig. Dit impliseer dat die seremoniële wet wel vervul sal word en daarom nie meer nodig sal wees nie. Die seremoniële wet is nie meer nodig nie daar waar ewige versoening bewerkstellig is.

## **DIE SEREMONIËLE WET IN CHRISTUS VERVUL**

Reeds in die opskrif is dit duidelik dat daar erkenning gegee moet word aan die aard en funksie van die Mosaïse wet. Dit was 'n tydelike maatreël om versoening tussen God en mens te bewerkstellig. In Christus is hierdie funksie tot sy volle betekenis gebring.

**Ons glo dat die seremonies en heenwysings van die Wet met die koms van Christus opgehou het en dat alle voorafskaduwing tot 'n einde gekom het. Die gebruik daarvan moet derhalwe onder die Christene afgeskaf word.**

Romeine 10:4 "*Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word.*"

Kolossense 2:17 "*Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.*"

Die seremonies en heenwysing wat as voorafskaduwing gedien het, sluit in:

1. Heilige persone (hoëpriester, priesters, leviëte) wie se seremoniewerk deur die Hoë Priester, (Christus) vervulling gevind het.
2. Heilige plekke (tabernakel, tempel) wat nie meer nodig is nie omdat die tempel se voorhangsel middeldeer geskeur het en die nuwe Jerusalem geen tempel meer (nodig) het nie.
3. Heilige dinge (geloftes, tiendes, altare, ark, offerandes).
4. Heilige tye (Pasga, verskillende feeste).

Al hierdie aspekte het deur Jesus in vervulling gekom en Christene hoef nie meer daaraan gehoorsaam te wees nie.

Christene gee wel erkenning aan al hierdie sake as nodige heenwysings na die volmaakte soenoffer.

Hebreërs 10:1 "*Want die wet, wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie.*" Die handeling van die Mosaïse wet het hulle doel gedien. Die feit dat hierdie seremoniële wet nou in vervulling is, beteken nie dat die wet in totaliteit van die tafel gegee word nie. Dit is slegs die seremoniële wet wat nie meer van toepassing is nie. Die Wet (Dekaloog) bly geldig. Jesus Christus het juis die Wet sy volle betekenis laat kry. Ons sou elkeen van die Tien Gebooie onder oë kon neem en aandui dat Jesus elkeen sy volle betekenis laat kry.

Dit is dan die verskil tussen die seremoniële wet en die Wet. Die seremoniële wet het ten doel om tussentydse versoening te bewerkstellig.

Die Wet eis gehoorsaamheid en die breek van die Wet maak versoening nodig. Jesus was ten volle gehoorsaam aan die Wet en het so versoening bewerkstellig. Die Dekaloog bly steeds staan, nou as dokument wat mense lei in hulle uitleef van die burgerskap wat aan hulle gegun word.

**Die waarheid en inhoud daarvan bly nogtans vir ons in Christus Jesus bestaan: in Hom het hierdie seremonies en heenwysings juis hulle vervulling.**

Galasiërs 3:12-14 "By die wet gaan dit egter nie om die geloof nie, maar om die daad, want daar staan: "Hy wat dóén wat die wet sê, sal daardeur lewe." Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is." Daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het. So het ons dan deur die geloof die Gees ontvang wat God beloof het."

Wanneer ons dan in die Ou Testament lees van hierdie seremoniële wette, lees ons hulle teen die agtergrond van dit wat Jesus Christus bewerkstellig het. Die waarheid en inhoud van hierdie wette word met ander woorde bevestig deur die versoeningswerk wat deur Jesus vervolmaak is.

**Ons gaan ook nog voort om die getuienisse van die wet en die profete**

**te gebruik om ons in die Evangelie te bevestig en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens Sy wil in te rig.**

2 Petrus 3:18 "Sorg daarenteen dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Aan Hom behoort die heerlikheid, nou en tot in ewigheid! Amen."

Die feit dat Jesus die seremoniële wet vervul het, beteken dat ons die volle inhoud van die Bybel kan bestudeer en dan in ons lewens lewend mag maak. Ons strewende daarna om die wil van God te doen (Dekaloog), nie in angs vir die oordeel en vloek wat ongehoorsaamheid impliseer nie. Ons strewende na God se wil doen omdat Jesus ons met God versoen het en ons die gehoorsaamheid aan die Dekaloog toegereken het. Ons lewe in dankbare gehoorsaamheid sonder die nodigheid van seremonies en tussentydse maatreëls. Wat ons doen, is in dankbare diens, gehoorsaam aan onuitspreeklike genade.